

# 2025-2026 Somergraan oesreëlings

Geldig vanaf
**1 Mei 2025**

vir die **LIEFDE** van die **LAND**

Die standaard graanhantering- en opbergingsvoorwaardes is van toepassing op alle lewerings en opberging van graan in VKB-silo's en bunkers en is by alle silo's, VKB Hoofkantoor en op VKB se webwerf beskikbaar. Maak asseblief seker u dra kennis van die inhoud daarvan aangesien dit die ooreenkoms tussen u en VKB daarstel. VKB se koring word op 'n skoon basis gegradeer. Droogfasiliteite is nie beskikbaar by alle VKB-silo's nie.

# MIELIE- EN SORGHUMTARIEWE

Die tariewe vir die 2025/26-oesjaar is soos volg: Die seisoentarief is vooraf betaalbaar. Die plafonstoortarief en seisoentarief is slegs van toepassing op die eerste jaar van lewering en nie op oordragvoorraad nie. VKB behou die reg voor om hierdie tariewe tussen silo's te differensieer en/of dit gedurende die seisoen te wysig.

## TABEL 1: HANTERING- EN OPBERGINGSTARIEWE

| Produk | Mielies | Sorghum |
|---|---:|---:|
| Hantering (Rand/ton) | 68 | 68 |
| Dagstoor (Rand/ton/dag) | 1.18 | 1.18 |
| Plafontarief (Rand/ton) | 175 | 175 |
| Seisoentarief (Rand/ton) | 159 | 159 |

## TABEL 2: DROOGTARIEWE (R/TON)

| Vog % | WMAZ | YMAZ |
|---|---:|---:|
| 14,1 – 15,0 | 59 | 59 |
| 15,1 – 16,0 | 80 | 80 |
| 16,1 – 17,0 | 111 | 111 |
| 17,1 – 18,0 | 141 | 141 |

Kliënte wat slegs van VKB se droogfasiliteite gebruik maak sonder om die graan fisies te lewer, sal die volle hanteringskoste betaal. Dit word gedoen aangesien VKB die graan fisies hanteer en dieselfde koste daarvoor aangaan as met 'n normale lewering.

## TABEL 3: SIFTARIEWE VIR SKADELIKE SADE EN VREEMDE MATERIAAL

| Sifaksie | Mielies | Sorghum |
|---|---:|---:|
| Vreemde materiaal (R/ton) | 82 | 82 |
| Skadelike sade vanaf Saad 1 oor toleransie (R/ton) | 70 | 70 |
| Koste per pit oor toleransie (R) | 1 | 1 |
| Maksimum koste (R/ton) | 195 | 195 |

Indien vragte skoongemaak moet word, sal die produsent, waar die silofasiliteite en bedryfsreëlings dit toelaat, die keuse hê om die sifsels terug te neem. Die sifsels moet teen sluitingstyd van die leweringsdag vanaf die perseel verwyder. Indien nie, sal die sifsels verbeur word (kontak u Silobestuurder in die verband).

# STANDAARD BEDRYFSREËLINGS

Alle graanbergingsfasiliteite beskik oor moderne graderingstoerusting wat deurgaans gebruik sal word. Alle gradering regulasies sal konsekwent by alle bedryfspunte toegepas word. Graderingsapparate is onlangs versien en gekalibreer, en sertifikate is dienooreenkomstig uitgereik deur die diensverskaffer.

## HANTERING VAN NAT GRAAN

Die hantering van nat graan en oliesade gaan gepaard met 'n groot risiko, derhalwe sal VKB slegs tot by die volgende maksimum vogpersentasies inneem:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Witmielies** | **Maksimum vog:** | **16%** | **Basisvog:** | **12.5%** |
| **Geelmielies** | **Maksimum vog:** | **18%** | **Basisvog:** | **12.5%** |

Lewering van nat graan is onderhewig aan beskikbare spasie. Indien wit- of geelmielies teen 'n vogpersentasie hoër as bogenoemde persentasie gelewer gaan word, kontak asb. voor enige lewerings gedoen word u silobestuurder vir goedkeuring

## AFTREKKING VIR HANTERINGSVERLIES

VKB doen 'n standaard aftrekking by mielies en sorghum vir fisiese hanteringsverliese wat tydens die hantering en opberging van die produk kan voorkom:

| | |
|---|---|
| **Mielies** | **1%** |
| **Sorghum** | **2.3%** |

## ONTVANGSTYE

VKB is verbind tot dienslewering en sal poog om u sover moontlik by te staan in die suksesvolle insameling van u oes. Ontvangstye sal volgens leweringsaanbod bepaal word en deur die silobestuurder met die produsente ooreengekom word. Skakel gerus met u silobestuurder of Johan van Rensburg (058 863 8225 / 082 874 0188) om lewering behoeftes aan te dui en/of voorstelle te maak.

## LEWERINGSOPDRAG

Buiten dat die voltooiing van 'n leweringsopdrag 'n wetlike vereiste is, het dit ook ten doel om sluikhandel/diefstal van graan te beperk en stel dit VKB Graandienste in staat om die produsent se graan volgens opdrag en kontrakverpligtinge te administreer. Geen vrag sal sonder hierdie getekende opdrag ontvang kan word nie.

## DISPUTE

Indien u 'n dispuut wil aanmeld ten opsigte van die gradering van u produk, moet u dit doen terwyl die vrag nog binne die siloterrein is. Meld u dispuut aan by die silobestuurder en indien die dispuut nie besleg kan word nie, skakel onverwyld vir Johan van Rensburg, wat die vrag weer sal laat evalueer.

# GRAANBEMARKING

## TABEL 4: KONTAKBESONDERHEDE

### VRYSTAAT

| Graanverkryger | Kontaknommer |
|---|---|
| Giepie Craffert | 058 863 8376<br>082 450 6795 |
| Hermann Verwey | 058 863 8380<br>071 688 1900 |
| Frik Meintjes | 058 863 8507<br>082 587 5663 |
| Kevin de Villiers | 087 358 8280<br>082 464 2252 |
| Herman Wessels | 087 358 8843<br>071 429 6423 |

| Graanverkryger | Kontaknommer |
|---|---|
| Gerhard Craffert | 087 358 8111<br>083 272 8803 |
| Andries Stone | 058 863 8331<br>082 368 9581 |
| Nadia van Tonder | 058 863 8182<br>072 915 5862 |
| Eddie Jackson | 058 863 8844<br>079 334 4972 |

### LIMPOPO

| Graanverkryger | Kontaknommer |
|---|---|
| Anru Fulscher | 015 297 3671<br>082 759 6151 |

| Graanverkryger | Kontaknommer |
|---|---|
| Ernst Kotze | 014 719 9211<br>083 289 3627 |

| Graanverkryger | Kontaknommer |
|---|---|
| Johan Reinecke | 014 719 9211<br>082 381 3203 |

Indien u verkies om met 'n spesifieke bemarker te skakel, is u welkom om dit te doen. U is ook welkom om 'n afspraak met die graanbemarkers te maak vir 'n persoonlike konsultasie en bemarkingsbeplanning. Ons stel dit ten doel om die beste diens te lewer en 'n mededingende prys vir die spesifieke tydstip daar te stel. VKB beskik oor 'n aantal bemarkingsprodukte wat u in staat sal stel om u graan teen die risiko van markskommelings en negatiewe prysbewegings te verskans.




# VRYWILLIGE VKB RAND VIR RAND PADFONDS

Die VKB Rand vir Rand padfonds is ten doel om boereverenigings in staat te stel om paaie wat gebruik word vir die lewering van graan te kan herstel. Daar word deur die produsente 'n vrywillige ooreengekome R/ton bygedra tot die fonds. VKB dra dan dieselfde ooreengekome R/ton ook by tot die fonds. Hierdie fonds word dan eenmaal per jaar uit betaal aan die betrokke boere verenigings.

Produsente wat tot hierdie fonds wil bydra of hulle huidige bydra tot die fonds wil staak kan voor 1 April 2026 'n skriftelike opdrag by u silobestuurder invul.

**Skakel gerus met u Silobestuurder of mnr. Johan van Rensburg (Uitvoerende hoof: Graandienste) (058 863 8225 / 082 874 0188) vir enige navra rakende die fonds.**



# ALGEMEEN

Ons besef dat die stroop en lewering van graan krities is en ons kan u verseker dat VKB ten alle tye u van hulp sal wees om die lewering en verkoop daarvan so effektief as moontlik te laat geskied. Ons wil u ook verseker van VKB se toewyding en verbintenis tot kwaliteit.

Voorts wil VKB u ook bedank vir u volgehoue ondersteuning. Ons het opregte waardering vir u besigheid en wil u verseker van VKB se volgehoue strewe na kliëntetevredenheid. Neem asseblief die vrymoedigheid om u Silobestuurder te kontak indien u enige probleme ervaar.

U is welkom om mnr. Johan van Rensburg (Uitvoerende hoof: Graandienste), gedurende die leweringsperiode by 058 863 8225 / 082 874 0188 te skakel vir enige navrae.

**Vriendelike groete,**



**Francois Froneman**
**BESTURENDE DIREKTEUR: VKB GRAAN & KORPORATIEWE DIENSTE**